

Dinsdag 17 Januarie

Skrifgedeelte: Hebreërs 5:11 – 6:8

Fokusgedeelte: Hebreërs 5:13, 14

Bekeer jou, want jy kan nie van melkkos alleen lewe nie

Word jy maklik beïnvloed deur allerlei leringe? Twyfel jy soms of jou geloof en jou kennis van die Woord reg is? Verval jy maklik in onsekerhede as iemand jou vra of iets reg is om te doen? Indien wel, dan is jy in dieselfde situasie as die eerste lesers van die Hebreërbrief.

In die voorafgaande gedeelte het die skrywer die reddingsmag van Christus en sy hoëpriesterlike werksaamhede aan hulle verkondig. Daar is egter baie meer oor hierdie reddingswerk te sê, maar die lesers is nog nie daarvoor opgewasse nie. Hulle moes al leraars wees, maar is nog net leerlinge. Hierdie Hebreërs was al 'n rukkie in die Christelike geloof. Daarom behoort hulle geestelike lewe al op 'n gevorderde peil te wees, soos volwassenes wat al vaste kos kan inneem en verteer. Intussen het hulle teruggesak en soos klein kindertjies net van melk gelewe.

Die Christelike godsdiens kan deur die eenvoudigste, soos 'n kind, gevat en waardeer word. Tog is sy omvang en diepte ook so dat dit tyd en studie vat om alles te begryp. Hoewel geloofsake kinderlik aanvaar moet word, moet daar ook groei in die geloof wees. God gee aan jou voedsame geestelike kos. Daar is melkkos vir kindertjies, vir wie ook pas begin het in die Christelike geloof. Dan is daar ook vaste kosse vir volwassenes, vir hulle wat al gevorder het in die Christelike geloof.

Indien jy besig is om terug te sak in die geloof, moet jy jou biddend bekeer, want jy kan nie net van melkkos lewe nie. Maak tyd en lees en bestudeer jou Bybel. Dit bied aan jou in Christus die ware voedsel vir die ewige lewe. Dan kan jy volhard op jou geloofspad en sal jy nie rondgeslinger word deur allerlei leringe nie. Dan kan jy met sekerheid en vreugde die Here dien.

Sing: Psalm 119-1:7

Ds. SA Cilliers (Sarel) (emeritus)